

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



AUGUSTUS
2013



Moet nooit moeg word om gereelde instandhouding te doen nie

Dit is belangrik om jou bande van tyd tot tyd te kontroleer en in stand te hou, omdat behoorlike trekkerbandonderhoud doeltreffendheid verhoog.

Gaan jou loopvlak gereeld na om te sien of bande vervang moet word

As die loopvlak glad is, is dit tyd om die band te vervang. 'n Gladde band sal nie voldoende vastrap nie, veral in nat toestande, wat beteken dat die operasie minder doeltreffend sal wees en dit waarskynlik meer kos in terme van brandstof en slytasie op die voertuig.

As dit op 'n spesifieke plek afloop, kan dit daarop dui dat die band nie behoorlik gepomp is nie, óf dat die wiele nie akkuraat gebalanseer is nie, óf die wielsporing nie reg is nie. 'n Band wat te styf gepomp is, veroorsaak dat die middel van die loopvlak die swaarste vrag dra, daarom sal dit vinniger afloop aan die buitekante. 'n Band wat te pap gepomp is,

verhoog die slytasie op die buitenste rand of skouers van die band en dit genereer ook oormatige hitte, wat die band vinner sal verweer. Die brandstofverbruik word negatief geraak as gevolg van 'n verhoogde "rolweerstand", wat beteken dat pap bande veroorsaak dat die voertuig harder moet werk.

Verstaan jou bande

Om te leer hoe om jou bande te kies en die beste uit jou bande te kry, moet jy elke verskillende band verstaan. Al die basiese inligting oor jou band word op die sywand van die band gevind.

- **Loopvlak** – dit is die deel van die band wat in kontak met die grond is. Dit moet vastrap (greep hê om te trek), 'n lang leeftyd hê en weerstand op die pad verminder.
- **Sykante** – is die beskermende rubberbedekking aan die kant van die band.
- **Bandtipe** – dit gee jou die korrekte gebruik van 'n band, byvoorbeeld P (of geen letter nie) beteken

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

04 | Tipes kunsmis en hulle toediening

05 | Nuwe minimum loon in 'n neutedorp

07 | Werk saam en oorleef

04



06



08





Moet nooit moeg word om gereelde instandhouding te doen nie

OUMA JANE SÊ...

Hierdie tyd van die jaar is ek altyd so opgewonde oor die nuwe seisoen – die moontlikheid om weer te begin en beter te doen as verlede jaar. Die dae behoort nou merkbaar langer te word en die weste winde behoort te waai – waai die koue winterdae weg en bring die lente nader met die hoop van vroeë reën.

Augustus is steeds 'n moeilike maand vir lewende hawe – daar is geen nuwe gras nie en die nagte is steeds koud. Ons moet dit volgende jaar gedurende die herfs onthou, sodat ons vee kan verkoop en die druk op die veld verlaag vir volgende winter. Dit is baie beter om vee te verkoop as om hulle te sien ly van honger.

Mielieoestyd is nou verby en jy sou jou berekening van die vorige seisoen gedoen het. Die oostelike dele (Mpumalanga, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap) het 'n goeie jaar gehad met hoë opbrengste. Dele van die Vrystaat het gemiddelde opbrengs gelewer, terwyl die Noordwes 'n erge droogte asook kommandowurms beleef het. Boerdery hou jou nederig en dankbaar – so baie is buite jou beheer. Indien jy goeie reëns op die regte tyd kry, is jy amper seker van 'n goeie oes, maar indien daar geen reën is nie, is daar geen oes nie – dit maak nie saak hoe hard jy gewerk het nie. Die boere in die Noordwes moet positief bly en werk na die nuwe seisoen – met hoop en geloof.

Elke jaar praat ons van die belangrikheid om die regte dinge op die regte tyd te doen – probeer verseker dat jou lande vry van onkruid en dus vatbaar vir reën is. Onthou om grondmonsters te neem, sodat jy die regte kunsmis kan koop. Probeer die beste saad wat jy kan bekostig, koop, en maak seker dat jou planterplate pas by die grootte van die saad wat jy gekoop het. Onkruid bly jou vyand – hou dit onder beheer ten alle tye.

Ek bid dat hierdie nuwe seisoen ons die geleentheid sal gee om gewasse te verbou om ons land kos te gee – voedselsekerheid en voedselsoewereiniteit berus op ons produktiwiteit.

dit is 'n band vir 'n passasiersmotor, terwyl LT staan vir lichte vragmotor en ST vir spesiale sleepwa.

- **Bandbreedte** – die breedte van 'n band word gemeet van sywand tot sywand.
- **Aspekverhouding** – dit verwys na die hoogte van die band se deursnit in verhouding met sy breedte, dus beteken /65 dat die hoogte van die band gelyk is aan 65% van sy breedte.

Maak seker dat jou bande gebalanseerd is

Bandbalansering is 'n proses om die gewig van die band met die wiel te balanseer, sodat dit glad werk teen 'n hoë spoed. Die wiele word op 'n balanseermasjien geplaas, wat die wiel in die middelpunt plaas en bepaal waar die gewigte moet kom. Alle bande moet gebalanseerd wees, want hulle is nooit presies dieselfde gewig in omtrek nie. Die balans verander ook met verloop van tyd soos die band verweer. Bande wat nie behoorlik gebalanseer is nie, veroorsaak vibrasie op die voertuig. Dit lei tot vinnige of ongelyke verwering van die band. Daar is ook 'n sekondêre negatiewe invloed, omdat dit onnodige slytasisie op die voertuig se suspensie veroorsaak. Bande moet gebalanseerd word wanneer hulle gemonteer word, veral nadat herstelwerk gedoen is. Balansering sal egter nie 'n vibrasie, wat deur 'n gebuigde wiel veroorsaak word, regstel nie.

Kontroleer banddruk ten minste een keer per maand

Gaan banddruk na met 'n akkurate banddrukmeter, ten minste een keer 'n maand en een keer per dag as jy swaar vragte vervoer, soos tydens oes. Té stywe en té pap banddruk veroorsaak abnormale en oormatige slytasisie, wat tot gevolg het dat dit oorverhit, oormatig brandstof gebruik, of selfs kan bars. Banddruk moet nagegaan word wanneer die bande koud is, omdat selfs die ry van een kilometer 'n onakkurate lesing sal gee. As jy aanhouende verlies van banddruk met verloop van tyd ervaar, kan daar 'n probleem met die band wees en moet dit nagesien word, of die klep sluit dalk nie goed nie en moet die band in hierdie geval vervang word.

Bandes wat té pap is, verhoog die omwentelinge en die diepte wat 'n masjien in die grond trap, veroorsaak grondverdigting wat lei tot:

- Swak wortelontwikkeling by plante;
- Minder mikrobiese lewe wat die teken van gesonde grond is; en
- Poele water wat versamel in die spore wat deur die band gevorm word.

Die impak van bande wat te stof gepomp is, kan verreikende gevolg hê en kan verlies aan opbrengs, laer kwaliteit opbrengs en verhoogde bedryfskoste veroorsaak, veral as die bewerking nodig is om die verdigtingslaag in die grond te breek. Die doeltreffendheid van trekkers en stroopers word ook negatief beïnvloed, aangesien omwentelinge verhoog asook die diepte wat die masjien in die grond trap. Dit




Diagram 1: Jy kan die basiese inligting oor jou band aan die buitekant van die band kry.



veroorsaak spore op die grondoppervlak, wat die masjien harder laat werk. Die brandstofverbruik neem toe, tyd word vermors en daar is verwering op die bande en masjiene. Die regte druk beteken presies die regte hoeveelheid kontak met die grond en 'n groter "voetspoor", wat die hoeveelheid omwentelinge en diepte van penetrasie sal verminder.

Dit is belangrik om te verstaan dat dit banddruk in die bande is wat die vrag dra. Dus sal oorlading voortydige verswakking van die band veroorsaak en koste per ton per kilometer direk verhoog. Oorlading kan veroorsaak dat:

- Loopvlak en bande skei;
- Disintegrasie van die binneste voering;
- Kraak van die sywand;
- Skeure en snye in die bande wat deur impak veroorsaak word; en
- Vinnige verwering.

Wielsporing

Ten einde die beste uit jou bande en jou voertuie te kry, moet die wielsporing behoorlik gedoen word, sodat elke komponent reguit loop. As ongelyke verwering op die loopvlak waargeneem word, kan dit die gevolg van 'n verkeerde wielsporing wees en moet die hulp van 'n professionele persoon verkry word.

Wielbelading

Dit is 'n algemene praktyk om die traksie en trek-krag van 'n trekker te verhoog, sodat daar minder glij op die wiele is en 'n beter brandstofverbruik deur belading of die vul van trekkerbande met vloeistof. Wanneer die trekker ry, bly die gewig van die water in die bande aan die onderkant van die bande, wat beteken dat daar meer gewig op die trekker is en dit in staat is om meer van die stamp en stote te absorbeer. Die kontak op die loopvlak dra meer gewig, dus is daar minder glij. Met ander woorde, hoe swaarder 'n band is, hoe meer vastrap het dit.

Die proses van belading is eenvoudig en voor-die-hand-liggend. Die agterste bande van die trekker moet een vir een opgelig word, sodat dit geen gewig dra nie. Dit is normaal om die bande met 60% water te vul, dus moet die klep geplaa word op 'n 02:00 uur- of 10:00 uur-posisie. Verwyder die klep van die bande en laat die lug uit die bande, voeg dan 'n dun pypie deur die gat en draai die kraan oop. Dit mag nodig wees om die pyp van tyd tot tyd te verwyder om meer lug vry te stel, omdat die water sal veroorsaak dat die lug verplaas word wanneer die water die bande vul en die bande sal die lug moet uitspoeg. Indien jou klep korrek geposisioneer is,

sal die water begin lek sodra dit die regte vlak begin bereik. Plaas die klep terug, laat sak die bande en met die volle gewig op die bande, vul dit aan tot die korrekte banddruk.

Algemene sorg buiteisoen

Indien 'n plaasvoertuig, masjien of werktyg vir 'n onbepaalde tyd buite gelaat word, is dit nodig om die bande te versorg. Die skadelike ultravioletlig van die son breek die rubber en beskadig dus die bande, dus word bande gouer oud en verweer voortydig, of kry krake op die loopvlak. Dit kan voorkom word met 'n bietjie moeite, soos die beskerming van die bande met 'n seil of 'n goeie bedekking met ou sakke. Die beste plan is om die bande van die voertuig te verwijder, af te blaas en in 'n skuur waar dit koel en droog is vir veilige bewaring, te stoor totdat hulle nodig het om weer te werk. Dit is ook 'n goeie tyd om die bande skoon te maak met ligte seepwater.

Trekkerdrywers en masjienoperateurs

Plaaswerkers moet opgelei word en bewus gemaak word van die belangrikheid van bandonderhoud. Hulle werk elke dag daarmee en moet weet hoe om die bande te kontroleer. Hulle moet geleer word om roetines te volg soos:

1. Kontroleer deur te kyk – doen 'n visuele inspeksie aan die begin van elke skof;
2. Hou windskersms, hoofligte en truspieëls skoon, sodat hulle ten alle tye 'n goede sigbaarheid het en gevvaarlike voorwerpe kan vermy wat skade aan die bande kan aanrig;
3. Kontroleer bande met 'n banddrukmeter; en
4. Verwyder droë modder en klippe wat in die bande steek en slytasie verhoog.

Onthou dat die langer lewe van jou band direk verband hou met laer koste per kilometer in jou boerdery. 'n Bietjie tyd wat jy aan die sorg van jou bande spandeer, sal verseker dat jou boerdery en boerdery-operasies glad verloop.

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker.
Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na
jenjonmat@gmail.com.**



Tipes kunsmis en hulle toediening

S oos in die vorige artikels in meer detail bespreek is, is die makro- en mikrovoedingstowwe wat nodig is vir gewasse, saamgestel uit verskillende chemiese elemente.

Stikstof (N), fosfor (P) en kalium (K) word beskou as die primêre elemente, met kalsium (Ca), magnesium (Mg) en swael wat beskou word as die sekondêre elemente. Die mikro- of spoor-elemente is yster (Fe), mangaan (Mn), sink (Zn), koper (Cu), nikkel (Ni), boor (B), molibdeen (Mo) en chloor (Cl).

Die primêre en sekondêre elemente word in relatief groot hoeveelhede deur plante vereis. Onthou dat elemente deelvorm van verskeie verbindings wat plantvoedsel uitmaak en in verskeie vorme die prosesse reguleer wat proteïen en koolhidrate in die energie-oordragstelsels binne plante bou.

Hierdie verbindings van voedingstowwe wat deur plante vir groei en voortplanting opgeneem word, word gevind in die grond en word saamgestel en gekombineer tot komplekse plantstrukture binne die plant van relatief eenvoudige basiese komponente wat gevind word in die dinamiese interaksie tussen grond, water en lug.

Bepaal watter voedingstowwe vereis word

Die spesifieke opbrengsteiken wat 'n winsgewende inkomste vir elke spesifieke graanoes kan voorseen, word bereken deur gebruik te maak van die bewese brutomarge rekeningkundige metode. Sodra die vereistvlak vir opbrengs bepaal is, moet bepaal word of die tipe grond en die gronddiepte

saam met die heersende klimaat voldoende is om die beplande opbrengsdoelwit te bereik.

Tydens die besluit wat die plant sal benodig, word die bestaande voedingswaarde-inhoud van die grond getoets en vergelyk met die voedingstowwe wat deur die gewas benodig word. Die hoeveelheid van alle voedingstowwe wat deur gewasse verwyder word, is deur navorsing bekend en word gewoonlik aangedui as die elemente of 'n kombinasie van bogenoemde elemente in kilogram, gram, miligram, (dit is dieselfde as dele per miljoen) per ton graan, of stingels verwyder van die oes. By gewasboerdery word slegs die graan verwyder, sodat die res van die oesreste op die land gelaat kan word. Die reste kan bewei en herwin word in die grond deur middel van vee, of deur minimum of normale bewerking.

As die reste gebaal en verkoop word, moet die verwydering en moontlike tekort aan voedingstowwe vir die volgende oes in ag geneem word wanneer die kunsmisaanbevelings gemaak word.

Die verhouding tussen die voedingstowwe teenwoordig in die grond op 'n spesifieke tydperk en die hoeveelheid kunsmis wat nodig is, kan slegs bepaal word deur navorsing. Oor baie jare van praktiese ervaring is betroubare toedieningsriglyne vir die verskillende vlakke van opbrengsteikens saamgestel vir Suid-Afrikaanse toestande, deurdat boere saamgewerk het met navorsers in die kunsmis- en planteling-nywerhede.

Kunsmistipes

Kunsmistipes wat aan gewasse toegedien kan word, sluit in hoogs vrugbare kompos, guano

(natuurlike voëlmis wat harde lae oor dekades heen gevorm het), korrelkombinasies van verskillende chemiese kunsmis, of verskillende konsernasies van dieselfde elemente gemeng met water.

Chemiese kunsmis bestaan hoofsaaklik uit kombinasies van ammoniak, wat 'n bron is van stikstof en fosfaat, kalium en die ander elemente wat nodig is.

Kunsmis word vervaardig en verwerk tot korrelkunsmis met 'n kombinasie van elemente vervat in een korrel, of saamgestel is uit verskillende korrels van spesifieke elemente wat in grootmaat saamgemeng is. Die voordeel van grootmaatvermenging is dat verskeie kombinasies stikstof en fosfaat maklik gemeng kan word vir verskeie produksieteikens en die spesifieke vereistes van elke gewas wat verbou word.

Toediening

Korrels

Korrelkunsmis, of dit nou in komplekse vorm is, of grootmaat gemeng, word maklik op plase gestoor of na die planters vervoer terwyl die plantproses aan die gang is. Planters wat korrelkunsmis gebruik, leen hulself daartoe om maklik gekalibreer te kan word, sodat die presiese kunsmisvereistes van die gewas nagekom en toegedien kan word in die grond. Die korrels kan saam met die saad geplaas word teen 'n baie lae dosis as 'n begindosis en 50 mm aan die kant en onder die saad geplaas word om te verhoed dat saailinge beskadig word. Groter hoeveelhede kan ook baie dieper en weg van die saad geplaas word by hoëproduksie-situasies.

Vloeibare kunsmis

Vloeibare kunsmis kan toegedien word deur gespesialiseerde toerusting afsonderlik geemonter op trekkers of planters, of 'n kombinasie van beide. Dit sou waarskynlik wys wees om jou eerste paar bemestingsprogramme te begin met die korreltipe, omdat die kalibrasie en hantering van vloeibare kunsmis baie meer aandag aan detail tydens die toedieningsproses vereis en ook 'n groot belegging in die regte toerusting.



Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.



Nuwe minimum loon in 'n neutedop

Ekonomiese impak

Diensvoorraad moet ondersoek word en 'n bepaling gemaak word wat 'n billike vergoeding is, gekoppel aan die vaardighede en ondervinding van elke werknemer. Elke boerdery het sy eie unieke hulpbronne, ondernemings, ligging en ekonomiese lewensvatbaarheid. Nadat hy 'n gedetailleerde en volledige evaluering van die ekonomiese impak van die nuwe minimum loon op die toekomstige ekonomiese lewensvatbaarheid van die maatskappy gemaak het, kan die boer of bestuurder 'n paar van die volgende opsies oorweeg.

van enige ondernemings wat onwinstgewend sal word deur verhoogde arbeidskoste.

Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV)

Die boer of bestuurder moet vertroud raak met al die bepalings en wysigings aan die wet, sodat 'n rationele en wetlike benadering, wat aan die vereistes voldoen, geneem word, voordat enige drastiese stappe geneem kan word. Dit word aanbeveel dat professionele arbeidsregsadviseurs en -praktisyne geraadpleeg word voordat enige brieue of kennisgewings aan personeel gegee word om sodoende CCMA-sake en verkeerde prakteke te vermy.

Aanpassing by 'n veranderde situasie

Die aanpassing by die nuwe situasie deur boere, eienaars of bestuurders kan lei tot die oorweging van 'n paar van die opsies wat hieronder uiteengesit word:

- Sommige plaaswerkers kan afgelê word, wat 'n invloed op die doeltreffendheid en produktiwiteit van die boerdery het;
- Nie-betaling van die minimum loon, wat afgesien van 'n kriminele oortreding, sal lei tot 'n onstabiele arbeidsmag en lei tot vervolging;
- 'n Versoek kan gemaak word vir vrystelling van die betaling van minimum lone, maar daar word egter baie min hiervan goedgekeur in die praktek;
- Deelname aan die opleiding van 'n afleggingskema wat dalk 'n gedwonge oorweging kan wees indien 'n groot deel van die bestaande arbeidsmag afgelê word;
- Die verandering in die terme en voorwaardes van indiensneming van plaaswerkers, wat kan lei tot verdere ontevredenheid en CCMA-gevalle;
- Die inneem van werkers op 'n vaste termynkontrak in plaas van onbepaald, wat in die lang termyn kan werk, maar die bindende wetlike implikasies moet versigtig oorweeg word; en
- Ten slotte kan sommige boerderyprakteke verander deur die vermindering of uitskakeling

Voordele en benadering

Nader alle personeel op 'n regverdig en sensitiewe wyse wanneer moontlike huidige of toekomstige veranderinge in die personeelomgewing bespreek word. Jy moet ook seker wees dat jy weet wat jou feite is met betrekking tot die volgende aspekte van personeel: Afleggings, vaste termynkontrakte, die uitkontraktering van boerdery-aktiwiteite, uitsetting, onregverdig afdankings en die nakoming van die berekening van die uurlikse, daagliks, weeklikse en maandeliks salaris en die sektorale aftrekkings ten opsigte van voedsel (rantsoene), behuising, betalings aan 'n derde party, persoonlike lenings, vergoeding vir skade, en die boetes wat wetlik van toepassing is vir onderbetaling-oortredings.

Die implementering van die nuwe wettige minimum loonvereistes sal jou 'n goeie geleentheid gee om jou hele besigheid te ontleed en evalueer vir finansiële lewensvatbaarheid en toekomstige indiensnemingstrategieë. Onthou om daardie spesiale mense wat groot vaardighede het, te vergoed, omdat hulle baie produktief is en saam met jou deur dik en dun staan. Vermy 'n moontlike reaksie op die wetgewing deur alle personeel af te bring na 'n "minimum" loonvlak.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

Die sektorale vasstelling van toepassing op plaaswerkers, het vanaf 1 Maart 2013 in werking getree. Baie eienaars of bestuurders van plase is gedwing om hul arbeidsvereistes en vergoeding daarvoor te heroorweeg en om die impak van die bykomende koste op hul boerdery te bepaal.

Goeie arbeidsverhoudinge

Soos 'n werkewer wat 'n winsgewende boerdery in die landbousektor bedryf, kan boerdery 'n baie aangename en lewensverrykende ervaring wees indien die personeel lojaal, toegewyd en produktief is.

Baie van die ouer geslag werkers het onvervangbare vaardighede wat oorgedra word na die jonger geslag plaaswerkers om die produktiewe en optimale gebruik van landbouhulpbronne te verbeter. 'n Mens wil ook nie die groot belegging in die ontwikkeling van vaardighede verloor wat deur amptelike opleiding en praktiese ervaring oor baie jare bekom is nie.

Tabel 1: Nuwe minimum lone van toepassing op plaaswerkers.

Minimum tarief vir die periode 1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014*			
Maandeliks	Weekliks	Daagliks	Uurliks
R 2 274,82	R 525,00	R 105,00	R 11,66

*Vir 'n werknemer wat nege ure per dag werk



Leer ken... John Dipali

Op die plaas Concordia, in die Senekal-distrik, ontmoet jy vir John Dipali, 'n boer wat glo dat harde werk en deursettingsvermoë die sleutel tot sy sukses is.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

My plaas, Concordia, wat 368 ha groot is, is in die Senekal-distrik in die Vrystaat.

Waarmee boer jy?

Ek boer met vleisbeeste, graan (sonneblom en mielies) en skape.

Wat motiveer/inspireer jou?

Die enigste ding wat my motiveer, is die wil om kos vir my land te produseer en te deel in die ekonomiese van my land.

Beskryf jou swakpunte en sterkpunte

Sterkpunte: Ek is lief vir boerdery en die gevoel van grond in my hande. Ek is hardwerkend en glo in volharding.

Swakpunte: Lang ure se werk sonder om te rus, waarvan die meeste plaaswerkers nie van hou nie. Ek sal ook sê die gebrek aan implemente, gebrek aan vaardighede en kennis

asoek die gebrek aan grond en toegang tot lenings, is 'n ander swakpunt in my boerdery.

Wat was jou gewasopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toekomstige begin boer het, was my opbrengs nie hoog nie, meestal as gevolg van klein gronde. Maar nou begin my opbrengs verhoog, omdat ek meer grond bekom het.

Wat sal jy sê is die hoofbydraer tot jou vordering en sukses?

Ek sal sê harde werk, die hulp van my mentor en natuurlik is Graan SA die hoofbydraer tot my sukses.

Watter opleiding het jy tot op hede ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil doen?

Ek het die volgende kursusse gedoen: Plaasbestuur, Trekkerherstel en Onderhoud, Plant van Sonneblom en Mielies asook die Gebruik van Kunsmis. Ek moet nog opleiding ondergaan oor hoe om nuwe tegnologie te gebruik.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Wat wil jy bereik?

Ek sal graag my eie plaas van 500 ha wil besit en sal graag my kinders wil motiveer om saam met my op die plaas te werk, sodat hulle in die toekoms, wanneer ek oud is, kos kan produuseer.

Watter advies het jy vir jong aspirante-boere?

Hulle moet hard werk, volhard en soveel as moontlik kennis en vaardighede bekom.

**Artikel verskaf deur Johan Kriel,
Ontwikkelingskoördineerder van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
johank@grainsa.co.za.**





Werk saam en oorleef

As ons in Suid-Afrika die woorde "boerdery koöperasie" hoor, dink ons dadelik aan die plaaslike landbouondernemings wat omvattende dienste aan die boerderygemeenskap bied in die vorm van produksielenings, hardware en voorrade, meganisasie asook stoor en bemarking vir ons gewasse.

Trouens, daar is in effek 'n totaal ander boerdery koöperasie in die wêreld. Dit verwys na 'n groep boere wat eenders dink en wat daartoe verbind is om as 'n span saam te werk op 'n wyse wat tot voordeel van elkeen van hul individuele besighede strek. Te dikwels hoor ons dat ten einde in die landbou te oorleef moet 'n mens "GROOT GAAN OF UITKLIM!". Terwyl dit waar is dat groter en groter landboukoöperasies beslis oor die hele wêreld toeneem, sal daar altyd nog plek in hierdie bedryf wees vir die boer wat doeltreffend, ekonomies en effektiel boer met die hulpbronne wat hy of sy het.

In landbougemeenskappe regoor die wêreld het ons gesien hoe boere nader aan mekaar beweeg wanneer hulle begin saamwerk deur ooreenkoms om insette meer ekonomies in grootmaat aan te koop, of deur die deel van hulle hulpbronne en toerusting. Dit het tot stand gekom omdat dit te duur is vir 'n boer om byvoorbeeld een trekker vir sy relatief klein boerderyonderneming te besit – hy kan nie sonder een nie, maar hy kan ook nie die luukse van 'n trekker wat ledig onder 'n boom staan, bekostig nie. Hierdie probleem is opgelos toe 'n groep boere hulself daartoe verbind het om 'n goeie trekker saam te koop ten einde die werk op al hul grond te doen. Dit is 'n duidelike oplossing vir die uitdaging om jou werk ekonomies op jou grond te doen en staan bekend as "die ekonomiese van skaal".

'n Koöperasie is 'n middel waardoor boere kan saamstaan deur assosiasie om 'n beter uitkoms te bereik as wanneer hulle alleen staan. Ongelukkig is 'n boer te dikwels gevoord om alles alleen te doen en te doen wat hy wil, wanneer hy wil en hoe hy wil en dit kan verhoed dat hy by 'n koöperasie aansluit, maar dit is ook moontlik 'n ernstige bedreiging vir die langtermynoorlewing van sy boerdery.

Wat is 'n koöperasie?

Dit is 'n afsonderlike sake-entiteit wat gevorm word deur mense wat 'n gemeenskaplike doel deel en bereid is om saam te werk om hierdie doel te bereik. Koöperasies:

- Bestaan om die behoeftes van die lede na te kom;
- Is die eiendom van die lede en is afhanklik van die belegging van tyd en geld van die lede;
- Diens al die lede; en
- Beloon lede slegs met sy onderskeie dienste of voordele.

Een belangrike eienskap van hierdie vorm van koöperasie is dat die boere in beheer bly en eienaarskap het. Daar is geen ander belanghebbendes of lede wat dividende uit enige "winste" sal verdien nie.

“Daar is basies drie hooftipes koöperasies.

Die Suid-Afrikaanse regering erken ook die waarde van die koöperasies en die Nasionale Departement van Landbou het 'n nuttige boekie gepubliseer naamlik: *Riglyne vir die vestiging van Landbou Koöperasies*. (Hierdie is aanlyn beskikbaar by www.nda.agric.za.) Landbou-koöperasies is gebaseer op die waardes van selfhelp, selfverantwoordelikheid, demokrasie, gelykheid en solidariteit. In die tradisie van hulle stigters, glo koöperatiewe lede in die etiese waardes van eerlikheid, openheid, sosiale verantwoordelikheid en omgee vir ander mense.

Tipes koöperasies

Daar is basies drie hooftipes koöperasies:

'n Plaasmasjinerie-koöperasie

Omdat plaasmasjinerie duurder word om te besit, kom plaaslike boere wat in dieselfde omgewing werk en met soortgelyke gewasse boer, bymekaar om 'n koöperasie te vorm om al die toerusting wat hulle nodig het, aan te koop. Daar is geen twyfel dat die koste van die besit van geselecteerde tipes plaasmasjinerie deur individuele boere hoër is as dié van gesamentlike eienaarskap van masjinerie binne

'n plaasmasjinerie, koöperasie nie. Indien 'n masjien belangrik is vir die sukses van produksie op die plaas, maar net werk vir 'n paar kort weke elke jaar, is dit dalk wyser om die finansiële beleggingslas te deel met ander boere in die dieselfde posisie as jy. Dit is veral belangrik by nuwe boerderymetodes, soos geenbewerkingsboerdery, wat moderne masjinerie wat toegerus is met gevorderde tegnologie en spesiaal aangepaste toerusting, vereis. Plaasmasjinerie-koöperasies verlaag nie net die koste per lid nie, maar omdat die koöperasie dikwels kan bekostig om selfs groter en beter masjiene en toerusting aan te koop, verbeter dit die doeltreffendheid van elke lid en verminder die aantal ure wat nodig is om die grond te bewerk en dit beteken dat die boere se tyd bestee kan word aan ander aktiwiteite wat hul boerdery-inkomste kan verbeter.

'n Aankoop-koöperasie

Koöperatiewe koop, help lede om koste te verminder en om beter gehalte produkte en dienste te bekom. Dit is 'n nuttige hulpmiddel vir boere wat hul bestellings vir hul boerdery-insette saam plaas en omdat die hoeveelheid wat hulle bestel, groter is, kan hulle onderhandel vir beter pryse by die verskaffers van saad, kunsmis, chemikalieë en brandstof. Grootmaat aankope gee dikwels die groep beter bedingsmag en kan die aankooprys van voorrade en insette wat hulle nodig het, en sodoende hul netto koste van produksie, verminder.

'n Vervaardiging- of bemarkingskoöperasie

Nie elke plaas het die nodige vorm van vervoer wat nodig is om sy produkte by die mark te kry nie, of andersins beteken dit dat die klein volumes geproduseer op een plaas net 'n halwe vrag lewer wat 'n vermosing is. 'n Koöperasie samel die produkte van al die produsente in en lewer dit aan die bemarkingskanale.

Boere voeg hul hulpbronne bymekaar en bemark hul produkte saam. Hulle kan selfs die waarde van die verwerking van hul produkte in die waardekettingoorweeg deur die verwerking, verpakking of die verspreiding van produktes, of in staat is om groter hoeveelhede aan kopers te bied.

PULA IMVULA

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDIAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Jenilee Bunting

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Toit Wessels
Wes-Kaap (Paarl)
► 082 658 6552 ◀ toit@grainsa.co.za

**Hierdie publikasie is moontlik
gemaak deur die bydrae van
die Mieliestrust.**



KOÖPERASIES

Werk saam en oorleef

Die toekoms van boerdery koöperasies

Die potensiële voordele van 'n suksesvolle samewerking moet uitgelig word. Koöperasies bemagtig organisasies wat die verbetering van die vermoë van boere om insette te verkry, oeste aan te plant en hul produkte te bemark, op die regte tyd bewerkstellig. Suksesvolle koöperasies bevorder die produktiwiteit van kleinboere en help hulle met volhoubaarheid.

Redes vir die mislukking van koöperasies is dikwels 'n gebrek aan begrip van die proses en 'n onvermoë van die boere om op ander te steun, omdat boerdery histories 'n eenmansaak was. Daar moet 'n herhume fokus op koöperatiewe aktiwiteit en betekenisvolle onderrig en opleiding wees, sodat lede die stelsel en die omvang van hul mag en gesag in die besluitneming van die koöperasie ten volle kan verstaan. Daar is geen ruimte vir oorheersing of uitbuiting in die ware gees van samewerking nie.

Voedselsekuriteit is 'n groot bron van kommer vir die toekoms en daar is 'n aantal studies wat getoon het dat indien voedselproduksie en -verspreiding net gelaat word in die hande van globale koöperasies, voedselsekuriteit 'n werklike bedreiging kan word. Daar is 'n sterk klem op die potensiaal vir die familieplaas en koöperasies om meer veilige, gedesentraliseerde voedselsekuriteit te voorsien sowel as om werk te voorsien wat 'n invloed op die verbetering van die ekonomiese welstand in landelike gemeenskappe sal hê. Die Verenigde Nasies is van mening dat boere aangemoedig moet word om koöperasies te vorm: "Landbou-koöperasies wat deur lede besit en bestuur word, is die uiteindelike doel van koöperatiewe ontwikkeling in Afrika."

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**

